

6 Maart

Skrifgedeelte: Numeri 33-35
Fokusgedeelte: Numeri 35:9-34

Moordenaars moet sterf

God wil dat moordenaars uitgeroei word. Wie 'n ander se lewe met opset neem se lewe moet ook geneem word. Met hierdie instelling sorg God vir twee sake.

Eerstens word die lewe van sy kinders en alle mense beskerm. Wie so boosaardig raak dat hy in staat is om te moor, kan weer en weer moor. Veral hulle wat dit doen vir geld, goed of die genot daarvan. As die bese iemand vervul, word daardie een moordlustig soos Saul. Die duiwel is immers die mensemoordenaar van die begin af (Joh 8:44).

Tweedens sorg God op hierdie wyse vir die orde en heiligheid van 'n land. Op elke plek in die heelal is God teenwoordig. Hy is oral – by sy mense en sy eiendom. Daarom leef ons inderdaad voor die aangesig van God (Coram Deo). By en voor God kan boosheid en wreedheid nie bestaan nie (vers 34 stel dit baie duidelik).

In God se voorskrifte word duidelike bepaal wie 'n moordenaar is en wie per ongeluk iemand anders doodgemaak het. Ongelukke is deel van ons gebroke wêreld. Ons moet egter baie versigtig en waaksaam wees in wat ons doen. Selfs in 'n ongeluk is daar meerdere of mindere skuld. Daarom was iemand wat 'n ander per ongeluk gedood het nie dadelik vry nie. Hy moes na 'n vry stad vlug en wag op die hoëpriester se afsterwe.

Dis jammer dat die doodstraf in ons land afgeskaf is. Ons betaal tans die prys daarvoor. Mag dit spoedig weer ingestel word. Gelukkig weet ons: God is die hoogste Regter! Hy sorg vir ons!

Sing: Psalm 119:39

Dr NP Heystek (Wapadrant)